higher education & training

Department:
Higher Education and Training
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

NASIONALE SERTIFIKAAT

MODETEKENINGE N6

(Eerste vraestel)

(10010556)

7 Junie 2021 (X-vraestel)
09:00–11:00

BENODIGDHEDE: Tikpapier

Kandidate mag alle benodigdhede en kunsmediums wat vir modetekeninge gebruik word, na die eksamenlokaal bring.

Hierdie vraestel bestaan uit 7 bladsye, 2 addenda and 1 inligtingsblad.

228Q1J2107

Kopiereg voorbehou

DEPARTEMENT VAN HOËR ONDERWYS EN OPLEIDING
REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA

NASIONALE SERTIFIKAAT
MODETEKENINGE N6
TYD: 2 UUR
PUNTE: 100

INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Beantwoord al die vrae.

2. Lees al die vrae aandagtig deur.

3. Alle tekeninge moet op tikpapier gedoen word en in die ANTWOORDBOEK geplak word.

4. Gebruik die croquis op ADDENDUM A en ADDENDUM B om die vrae te beantwoord.

5. ADDENDUM C bevat instruksies vir die TWEEDE VRAESTEL en moet aandagtig bestudeer word. Hierdie afdeling moet nie tydens hierdie eksamen beantwoord word nie.

6 Werk netjies.

Kopiereg voorbehou

AFDELING A

VRAAG 1


1.1 Maak EEN vlakbyskets ('close-up sketch') van elk van die volgende bykomstigheede om by die uitrusting in FIGUUR 1 te pas.

1.1.1 Geskikte paar skoene

1.1.2 Geskikte juwele


1.1.3 Geskikte handsak

1.1.4 Geskikte hoed/pet



FIGUUR 1 (4 × 5) (20)

1.2 Identifiseer die aangeduide bykomstighede en besonderhede op die kledingstukke in FIGUUR 2 deur die antwoord langs die vraagnommer (1.2.1–1.2.4) in die ANTWOORDBOEK neer te skryf.



FIGUUR 2

(5 × 1) (5)
[25]

VRAAG 2

2.1	2.1.1	Gee VIER vereistes vir 'n goeie beplanningskets ('development sketch').	(4)
	2.1.2	Wat word 'n voorstelskets ('presentation sketch') ook genoem?	(1)
	2.1.3	Watter DRIE drukmetodes is voorbeelde van reliëfwerk?	(3)
	2.1.4	Definieer *produksietekening*.	(3)
	2.1.5	Noem TWEE geskoolde persone in die klerebedryf wat produksie-tekeninge gebruik.	(4)
	2.1.6	Noen VIER soorte gereedskap en toerusting wat gebruik word in batikdrukwerk.	(4)
2.2	Identifiseer elk van die volgende ontwerpers:		
2.2	2.2.1	Suid-Afrikaanse mode-ontwerper wat haar eie ontwerpe vervaardig en verkoop	
	2.2.2	Haar ontwerpe is klassiek, tydloos en gemaklik en sy glo dat niemand anders haar ontwerpe sal wil dra as sy dit nie self kan dra nie	
	2.2.3	Sy loopbaan het in 'n plaaslike modehuis begin en sy liefde vir mode is nie net sy professie nie, maar sy hele lewe	
	2.2.4	Mode-ontwerper wat sy portefeulje aan die Franse uitgawe van *Vogue* in Parys voorgelê het toe hy slegs 17 jaar oud was	
	2.2.5	Italiaanse mode-ontwerper wat sy eie maatskappy in 1975 in Milaan gestig het	
	2.2.6	Duitse mode-ontwerper wat sy eie modehuis in 1983 gestig het en duur, pasklaar ('ready-to-wear') drag in Parys vervaardig	
		(6 × 1)	(6)
			[25]


TOTAAL AFDELING A: 50

Kopiereg voorbehou

AFDELING B


VRAAG 3

3.1 Gebruik ADDENDUM A en maak 'n produksietekening van die uitrusting hier onder. Toon slegs die vooraansig van die kledingstukke wat die model dra. Hou al die vereistes vir 'n goeie produksietekening in gedagte.



(25)

3.2 Gebruik ADDENDUM B en maak 'n voorsteltekening van 'n dame wat die uitrusting hier onder dra. Wys die vooraansig van die uitrusting in volkleur en sluit al die bybehore in wat by die uitrusting gedra word. Hou al die vereistes vir 'n goeie voorsteltekening in gedagte.



FIGUUR 4


(25)
[50]

TOTAAL AFDELING B: 50
GROOTTOTAAL: 100

Kopiereg voorbehou

MODETEKENINGE N6 P1


ADDENDUM A



Kopiereg voorbehou

MODETEKENINGE N6 P1

ADDENDUM B



MODETEKENINGE N6 P1

ADDENDUM C

INSTRUKSIES AAN KANDIDATE VIR MODETEKENINGE N6 P2

Gebruik die instruksies om voor te berei vir MODETEKENINGE N6 P2 wat binnekort geskryf sal word..

1. Gebruik die tema in INSTRUKSIE 6 hier onder om vir die vraestel voor te berei.

2. Kandidate mag alle inligting, materiaalmonsters, bybehore, tooiings, tydskriffoto's en ander noodsaaklikhede wat hulle bymekaar gemaak het in die eksamenlokaal inneem vir die eksamen van vyf uur waarin hulle 'n stel modeborde en -sketse oor die gegewe tema moet voltooi soos dit in die bedryf gedoen word.

3. Tydens die eksamen van vyf uur moet kandidate 'n inspirasiebord maak en/of 'n ontwerpontwikkelingsvel en/of voorstelbord en/of produksiesketse en/of bybehorebord oor die gegewe tema. Die spesifieke sketse sal aan die begin van die eksamen aan die kandidate gegee word.

4. Kanidate mag geen modesketse of modeborde na die eksamenlokaal bring nie. Alle sketse moet tydens die eksamen van vyf uur gemaak word. Croquis sal verskaf word.

5. Die vraestel bestaan uit DRIE vrae wat DRIE verskillende soorte vrae of borde insluit oor die gegewe tema vir 'n totaal van 300 punte .

6. Niks soos helder en opvallende kleure vir die somer nie.

   Gebruik die tema KLEURE VAN DIE REËNBOOG as inspirasie vir die nuwe lentemodeneiging en ontwerp 'n reeks kleurvolle, informele rokke wat jong, modebewuste mense na die kampus se lentedagviering kan dra.

   Alle tekeninge en modeborde moet tydens die formele eksamen gedoen word. Kandidate moet hul eie tekenvelle en karton verskaf waarop die tekeninge gedoen moet word, asook die kleurmediums. Karton is nodig om die finale modeborde af te rond. Die modeborde moet A3-grootte wees. Kleure moet die reeks komplementeer sodat dit professioneel lyk. Netheid en 'n professionele uitleg is belangrik.. Elke kandidaat moet ook EEN groot koevert (A3) saambring waarin al die sketse en borde wat tydens die eksamen gemaak is, geplaas kan word.

Kopiereg voorbehou